

29 Mei

**Skrifgedeelte: Lukas 10:30-37**

**Fokusgedeelte: Lukas 10:37**

### **Barmhartige Samaritaan**

Jesus se punt is eenvoudig: twee manne sonder liefde, een met liefde. Twee was godsdienstig, amptelik in diens van God om ellendiges deur offers voor Hom op te hef. Maar buite op die pad, niks liefde nie. Priester en Leviet distansieer hulle. Een man het wél lief. By die halfdooie, beroofde Jood (dit was mos Joodse land) gaan hy nader en begin met sy alles-opofferende hulpverlening. Want daar was liefde in sy hart. Al was Jood en Samaritaan aartsvyande.

“Gaan maak jy ook so”, sê Christus vir die wetsgeleerde wat wou weet wat hy moes doen om die ewige lewe te verkry.

Het u al so “alles” vir iemand in nood gedoen? Dalk van u klere verbande gemaak, geoffer wat u het om te ontsmet en versag, opgelaai en vir volledige versorging ingeboek, alles betaal, selfs vir ’n maand of twee vooruit, beloop om ook ook alles verder te betaal? Vir een in die samelewing, die verste van u?

Ek het al. Maar vir myself! Ook vir my vrou en kind sal ek alles vir die allerbeste sorg offer. Maar vir ’n vreemde ... Waarom nie? “Here, ek het nie só lief nie. Met dit as eis, dus nooit die ewige lewe beërwe!” As die wetsgeleerde maar kon bely: “As ek nie eens ’n mens só liefhet nie, wat nog vir God wat ek nie kan sien nie. Here, wees my, sondaar, genadig!”

Wie eie liefdeloosheid erken en bely, hartverskeurend smee om genade, sal versoening ontvang deur Hom wat wél so volkome liefgehad het: Jesus Christus wat sy alles en Homself totaal gegee het. En die Heilige Gees sal wel ook in jou deernisvolle liefde werk. Jy kan nie naastenby só nie, nie álmal help nie. Laat ons bid om ’n groeiende gesindheid ... Uit dankbaarheid.

Sing: Skrifberyming 9-4:4, 5

Ds. CJ Nagel (Messina)